The Asset Register is a substantial and detailed document, which is available on request. The municipality is also in the process of finalising its Capital Expenditure Framework, which will reflect the entire capital demand of the municipality at a given time. This Capital expenditure framework will include public inputs and also incorporate all the master plans. It should be noted that the projects are placed on the capital budget according to priority and funds availability. Demand will always be more than what can be afforded. The challenge is to have sufficient repairs, maintenance, renewal, upgrading and expansion plans in place (Master Plans & the CEF) that will ensure assets are not stretched past their limits.

8. The combined capital and maintenance expenditure as a percentage of revenue is roughly 30% which is very positive. Repairs and maintenance as a % of property, plant and equipment is exactly on the national norm target of 8 %, which is commendable.
The comments are noted and appreciated.

9. The above point also relates to development of housing. APAC understands that internal municipal services forms part of the funding allocation by the Provincial Department of Human Settlement's Development Grant. What is planned for the MTREF period in terms of new housing and will Bulk infrastructure cope? Are we, maybe reaching a point where major investment will be required to sustain development? Are we currently on the continues part of the curve or are we reaching the next major step up in terms of required investment?
Hessequa Munisipaliteit het verskeie projekte op die Raad se Goedgekeurde Behuisingspyplyn. Dit maak voorsiening vir huidige en toekomstige projekte en word jaarliks aangepas in terme van die aantal

mense op die behuisingswaglys, jaarlikse subsidietoekennings van die Provinsiale en Nasionale Regerings, en die beskikbaarheid van goed geleë geskikte grond.100 BNG eenhede te Melkhoutfontein (2627), 500 BNG eenhede te Aloeridge Riversdal (2728 en 2829), 300 BNG eenhede te Kwanokuthula Riversdal (2728 en 2829), 50 gedienste erwe te Tembanistraat Riversdal (2829), 6 Rebuilds te Diepkloof Heidelberg (2627),Alvorens enige projek deur die Departement van Infrastruktuur goedgekeur word, moet die bulk dienste in plek en genoegsaam wees.

10. The +/-34% employee cost as a percentage of total operating expenditure, albeit in the middle of the national norm of 25% - 40%, is a bit concerning and the municipality should target 30% but without lowering the performance levels. The reduction over the last couple of years is commended.
    The percentage increase in employee costs is determined by the 2024-2029 SALGBC collective agreement. The council's goal is to reduce employee costs to approximately 30% of the expenditure budget. The challenge is addressed as follows: 1) Employees appointed before 1 February 2022 automatically qualified for notch increases in addition to the annual increases. This has been changed in that employees appointed after 1 February 2022 will not automatically qualify for the notch increases. The increase is now linked to performance evaluations. 2) by funding only positions that are critical to service delivery. 3) By managing and reducing overtime

11. Concerns were raised about the sustainability of the “Long Term Financial Plan” as the Capex demand far exceeds the Capex affordability. Should this situation prevails in future, how would projects be prioritised for implementation? This is also the reason why it is recommended in point 3(b) that more income should be generated.
    The municipality is in the process of finalising its Capital Expenditure Framework, which will reflect the entire capital demand of the municipality at a given time. This Capital expenditure framework will include public inputs and also incorporate all the master plans. It should be noted that the projects are placed on the capital budget according to priority and funds availability. Demand will always be more than what can be afforded. The challenge is to have sufficient repairs, maintenance, renewal, upgrading and expansion plans in place (Master Plans & the CEF) that will ensure assets are not stretched past their limits. The CEF is going to build in a prioritisation model to assist with budgeting for the most critical and high impact projects. It can also serve as a basis for funding applications for additional grant allocations.

12. The sale of land to make the budget balance is a concern, since it is uncertain how sustainable this is. “Normal” income funds would be preferable, rather than extraordinary items such as the sale of property. Linked to this is the above inflation increase of most services. A continual annual increase above inflation will at some point impact upon the ability of HM to collect taxes and fees. There is a well-researched phenomena called the Laffer Curve. Excessive taxes may encourage tax avoidance and reduce government revenue. This therefore does speak to the long-term financial sustainability of the HM.
    The comment is noted and the municipality is in agreement. Our primary focus was to breakeven and generate minor surpluses. The previous defiict budgets also included land sales and therefore it was included in the primary focus. Our focus is now shifting to prepare a suplus budget without taking land sales into account as disposal of land is not sustainable and is not intended to fund operations. All our land sales and deveopment contributions are part of surplus finds transferred to the CRR.

13. There are many specific questions to be asked and answered to ensure effective oversight and to provide assurance that the HM future is sustainable. We should guard against becoming complacent because of the clean audits (although this is highly commendable) we have had over many years. We must continuously push for continued excellence. Especially utilizing internal audit as a source of information to the APAC. HM needs, as a minimum, a complement of three internal auditors that can help to generate the detailed answers to questions by way of internal audits. Thus, another two positions should be created. It also serves a good purpose should a middle manager be trained up timeously in the process of smooth handing over of such key position, as a crucial aspect of a well-executed succession plan.
    HR: The comments are noted, but there is no immediate need for additional posts in Internal Audit Unit.
14. The interaction with the Municipal Manager, Director: Finance, and Accountant: Budget and Financial Reporting, did impress members of APAC and the three officials are to be thanked.
    The comments are noted and appreciated.

# 4. Mr. Sollie Liebenberg

Middag Meneer ek wil u bedank vir u vriendelik diens en gesprek rakende die begroting soos aan my voorgele.Daar is egter n paar dinge in die begroting wat my pla.
Die volgende aspekte moet u onder u Raad se aandag bring voordat die begroting goedgekeur word.

Daar is n voorstel dat die toepassing van belastinguitklaring gewysig word en verslap word. Aldus die dokument stel u voor dat mense met uitstaande bedrae uitklaring onder sekere voorwaardes kry.
Dit is strydig met Artikel 118 en veral met Artikel 118 par 3 van die Stelselswet 32 van 2000. U moet asseblief die saak deeglik oorweeg en n deurdagte besluit neem. Aangesien dit n presedent kan skep vir die Munisipaliteit.
Die belastinguitklarings word volgens die Artikel 118 gedoen en die beleid kan ongelukkig nie verslap word nie.

Die ander saak is dat u n redelike wins op water,vullis en riool maak en dan die gelde kruis subsidieer na erfbelasting ens. Die aksie is ook strydig met die MFMA en ander finansiele protokolle
Die munisipaliteit sal aandag skenk aan die toewysing van kostes om elke diens in lyn te bring sodat inkomste en uitgawes meer akkuraat in die begrotingsverslag weerspieël word. Dit sal oor 'n paar finansiële jare gefaseer moet word indien daar groot veranderinge in tariewe gaan wees

Wat betref die deernis gevalle is daar n deel in die beleid wat lui dat iemand wat deernis kry nie sy eiendom mag verkoop vir n tydperk van agt jaar nie. Wat is die logika agter dit en welke wetgewing is hier van toepassing . Die betrokke eienaars mag nie so gepenaliseer word nie. Dit skep n anomalie en kan nie regverdig toegepas word nie.
Die agt jaar is 'n kontrak klousule in die staatsbehuisings projekte. Die Deernisbeleid het nie die verkoop van eiendom verbied nie, net dat die skuld sal teruggeskryf word en betaalbaar wees. Ons het die beleid verander na 3 jaar wat nou in lyn is met ander skuldafskrywings is.

Ek het ook gesien dat u die uitgawe op salarisse afgebring het na 32 persent dit nou is vir vorige boekjaar dit lyk beter as die 39 present van voorheen my mening is dat dit nog moet verlaag na minstens 30 persent.
Die persentasie vir verhoging in werknemerskoste word bepaal deur die 2024-2029 SALGBC kollektiewe ooreenkoms. Die raad se doelwit is om werknemerskoste tot ongeveer 30% van die uitgawebegroting te verminder. Die uitdaging word soos volg aangespreek: 1) Werknemers wat voor 1 Februarie 2022 aangestel is, het outomaties gekwalifiseer vir kerfverhogings benewens die jaarlikse verhogings. Dit is verander deurdat werknemers wat na 1 Februarie 2022 aangestel is, nie outomaties vir die kerfverhogings sal kwalifiseer nie. Die verhoging is nou gekoppel aan prestasie-evaluerings. 2) deur slegs poste te befonds wat krities is vir dienslewering. 3) Deur oortyd te bestuur en te verminder.

Laastens volgens my inligting word die die meerderheid van die finansiele state opgestel deur n privaat firma en ek neem aan dat Duachme die konultant is.
Gaan hierdie besluit op tender uit en word die rotasie van konsultante toegepas.

Wat is die kostebedrag wat die konsultante ons vra om sodanige werk te doen per boekjaar.
Die meerderheid van die werk word deur munisipale amptenare gedoen en die privaat firma doen die finale opstel van die state met die "GRAP-compliance review". Dit is spesialiswerk wat ons uitkontrakteer. Dit word elke 3 jaar op tender gesit en die firma met hoogste punte / meestal laagste prys word aan gestel. Die kostes vir hierdie doel in 2024/25 was R284,448.

Ek weet ook  dat dat Grap en Mscoa nog van toepassing en is en dat dit nou gespesialiseerd en ingewkkekd raak. My mening is dat die proses finansiele amptenare onnodig onder druk plaas. n Aanbeveling behoort na die Ouditeur Generaal te gaan om die prosesse vir die opstel van finansiele state te vereenvoudig aangesien dit onprakties is.
Daar word kennis geneem van die inset. Nasionale en Provinsiale Tesourie is verantwoordelik vir hierdie gesprekke.

Geliewe my kommentaar aan die Raad voor te le vir oorweging en terugvoering.

Groete

# 5. Mr. Clifton Donald

**From:** Clifton Donald [mailto:cliftondonald@lantic.net]
**Sent:** Wednesday, 15 April 2026 17:49
**To:** LOUW DE VILLIERS (louw@hessequa.gov.za) <louw@hessequa.gov.za>
**Cc:** 'Martin Groenewald' <mfgroenewald@gmail.com>; PIETER BURGER (pb171162@gmail.com) <pb171162@gmail.com>; Denis Fraser <frasers.two.mail@gmail.com>; gustav.radloff@gmail.com; Andre Steyn <andrelsteyn@gmail.com>
**Subject:** LAPSKUIT PATHWAY FUNDIN

Good day Louw

**Funding Request/Enquiry**

Refers Attached Pic

The Stilbaai Community Forum approached HM almost 3 years ago to action and fund the paving of 77m2 of the pathway on the west side of the river as per the pic. This is as a result of high seas that damaged sections of the path way. The SCF were advised that funding wasn't available and the paving wasn't seen as a priority. This section of pathway is currently very rough under foot and is unsightly in an area of town that is frequented by many visitors, walkers, runners etc. Recently 2 reports have been received of walkers slipping/tripping on this section of pathway resulting in injury. The SCF arranged a quotation via a recognised, local contractor to pave this section of the pathway at R34000.00. The SCF initiated a campaign to recover funding via the community and have managed, to date, to recover R11 000.00 towards this project.

Could you please advise whether there would be funding available via HM, for projects such as this, to make up the shortfall and if so how could this funding be accessed?

I await your response and comments.

The Technical Department will investigate the proposal and provide feedback on whether the request can be accommodated, considering already planned maintenance work within available budget in the Department. If the request can not be accommodated , it must be included in the new inputs for consideration during the next budget input cycle.

Kind regards

Clifton Donald
Stilbaai Community Forum

# 6. Adv. H.P van Staden

**24 April 2026**

**Aandag:** Mnr. Boesak, Onder Burgemeester van die Hessequa Munisipaliteit

Mnr. Albert de Klerk, Stadsbestuurder Voorsitter

Me. Nicolene van Zyl van die Witsand/Port Beaufort Inwonersvereniging

Sangrivier, Witsand en Heidelberg Gemeenskappe

**Onderwerp:** Slangrivier–Heidelberg–Witsand Pendelaarvervoerkrisis – Voorstelle vir Praktiese Inmenging en Kapitaalverkryging

Geagte Mnr. Boesak, Mnr. de Klerk, Voorsitter en Gemeenskappe,

Ek dien hiermee formele insette in op die Konsep Hersiene 2026/2027 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), die Mediumtermyn Inkomste- en Uitgaweraamwerk, en die Multi-jaar Begroting. Hierdie insette fokus op die dringende pendelaarvervoeruitdagings wat inwoners van Slangrivier, Heidelberg en Witsand daagliks ervaar, en stel praktiese oplossings voor om die krisis te verlig.

**1. Probleemstelling**

Pendelaars betaal tans buitensporige tariewe (R90–R100 per dag, en selfs R180 vir dubbele skofte) vir vervoer tussen Slangrivier, Witsand en selfs Heidelberg.

Ou en duur bussies verhoog koste en verminder betroubaarheid, en dit is die bussies wat tans die meeste gebruik word, veral deur Rossouw vervoer.

Pendelaars wag sonder skuiling by die Sands Winkelsentrum en die R322/R324-kruising vir vervoer, anders as in Slangrivier en ander plekke in Witsand waar daar goeie bushaltes is wat die pendelaars teen die elemente beskerm..

Werkgewers ervaar produktiwiteitsverliese weens te vroeë taxi-vertrektye.

**2. Skakeling met GOP Strategiese Doelwitte**

Hierdie krisis ondermyn plaaslike ekonomiese ontwikkeling, armoedeverligting, toegang tot werksgeleenthede en volhoubare vervoerbeplanning.

### 3. Voorgestelde Inmenging vir 2026/27

#### 3.1 Pendelaarbelanghebbende Forum

Stel 'n forum saam met taxi eienaars/bestuurders, werkgewers, wykskomitees, inwoners, en die plaaslike raadslid.

Onderhandel oor buigsame vertrektye, afslagkaartjies en werkgewerbydraes, sodat daar aan die vervbruikers van die vervoer hulp verleen kan word, asook dat die werkgewers in Witsand waarde uit hul werknemers kan kry.

Stop die onregverdige dubbele tarief vir dubbele skofte.

Ondersoek moontlikhede om meer ekonomiese voertuie aan te skaf wat die pendel diens lewer, om die ouer voertuie wat se onderhoud duur is te vervang.

Die Hessequa Public Transport Liaison Committee is reeds gestig. Vergadering het reeds met die Hessequa Taxi Vereninging plaasgevind op 30/04/2026. Voorsitter sal versoek verder met die lede van die vereniging bespreek en hul besluit amptelik publiseer.

#### 3.2 Vervoerinfrastruktuur en Bushaltes

Skep formele bushaltes met skuiling by die Sands Winkelsentrum en die R322/R324-kruising.

Ons sal die versoek ook aan die Pad Owerheid van die Distrik deurgee vir aandag en terugvoering, maar sal dit aspek as nuwe inset moet deurgee in die volgende Begroting siklus vir kommentare, daar is nie nou fondse hiervoor begroot nie.

Prioritiseer padopgraderings op die Slangrivier–Heidelberg–Witsand-korridor, dit sal help indien die pad geteer of geplavei word, wat sal aanleiding gee tot verminderde sluitasie van voertuie wat die pad gebruik, asook veiliger pad omstandighede en vinniger pendel tyd tussen Witsand en

Jaarliks word daar fondse begroot vir paaie opgraderings. die gedeeltes waarna verwys word, val in die gedeelte onder die Distrik se infrastruktuur. Ons sal die versoek ook aan die Pad Owerheid van die Distrik deurgee vir aandag en terugvoering.

#### 3.3 Moderne en Ekonomiese Vervoermiddele

Vervang ou bussies met moderner voertuie wat ligter op brandstof is en goedkoper om te onderhou.

Voornemende rolspelers het reeds aangedui dat hulle die diens teen R80 per dag kan lewer.

Vergadering het reeds met die Hessequa Taxi Vereninging plaasgevind op 30/04/2026. Voorsitter sal versoek verder met die lede van die vereniging bespreek en hul besluit amptelik publiseer

**4. Prosesse vir Kapitaalverkryging**

Om die pad tussen Slangrivier en Witsand te teer/plavei en die infrastruktuur te verbeter, kan die volgende prosesse gevolg word:

**Munisipale Infrastruktuurtoelaag (MIG):** Rig 'n formele aansoek in vir MIG-fondse, spesifiek gemotiveer deur die sosio-ekonomiese impak van die pendelaarvervoerkrisis, veral in agenome die hoë werkloosheidskoers in veral Slangrivier.

---

**Provinsiale Mobiliteitsfonds:** Betrek die Wes-Kaap Departement van Mobiliteit (wat nou paaiverantwoordelikheid oorgeneem het) om 'n gesamentlike projek te finansier.

**Publiek-Private Vennootskappe (PPPs):** Werkgewers in Witsand en Heidelberg kan genader word om by te dra tot padverbeterings en bushalte-infrastruktuur, aangesien hulle direk baat by meer betroubare personeel.

**Nasionale Toekennings en Fondse:** Dien aansoeke in by die Departement van Vervoer en die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (CoGTA) vir addisionele kapitaal.

**Distriksondersteuning:** Skakel die Tuinroete Distriksmunisipaliteit se Rural Roads Asset Management Systems (RRAMS) data in om 'n bewysgebaseerde motivering te versterk.

**Gemeenskapsbydraes en Fondsinsameling:** Oorweeg 'n gemeenskapsfonds of samewerking met nie-regeringsorganisasies wat fokus op landelike mobiliteit en armoedeverligting.

Hierdie is n provinsiale / Distrik pad .Ons sal die versoek ook aan die Pad Owerheid van die Distrik deurgee vir aandag en terugvoering.

**5. Addisionele Voorstelle**

**Subsidie-model:** Ondersoek 'n beperkte subsidie vir pendelaars wat minder as 'n sekere inkomste verdien.

Vergadering het reeds met die Hessequa Taxi Vereninging plaasgevind op 30/04/2026. Voorsitter sal versoek verder met die lede van die vereniging bespreek en hul besluit amptelik publiseer.

**Skedulering en Roeteformaliseering:** Werk saam met die provinsiale regering om 'n formele roetediens met vasgestelde skedules en tariewe te implementeer.

Versoek moet aan die Provinsiale Departement van Mobiliteit en Infrastruktuur bevorder word.

- **Plaaslike Ekonomiese Projekte:** Skep werksgeleenthede in Slangrivier self (bv. agri-verwerking, kleinskaalse toerisme) om pendeldruk te verminder, veral in die lig van die uitdagings met die huidige Slangtivier kleinboere projek.

Probeer befondsingsgeleenthede kry.

**6. Versoekte Uitkomste**

Insluiting van 'n **"Slangrivier–Witsand-Heidelberg Pendelaar Mobiliteitsprojek"** in die 2026/27 GOP met duidelike KPI's, begrotingstoewysing en verantwoordelike departement.

Terugvoering aan die gemeenskappe oor hoe hierdie insette oorweeg is.

Samewerking met die Wes-Kaap Departement van Mobiliteit vir subsidiering en roeteformaliseering.

Ons neem kennis. Ons sal die versoek ook aan die Wes-Kaap Departement van Mobiliteit vir subsidering en roete formalisering deurgee vir aandag en terugvoering.

**1. Bo-inflasie Tariefverhogings en Vergelyking met Ander Munisipaliteite**

Hessequa Munisipaliteit se voorgestelde gemiddelde tariefverhogings van **4,5 %** (vir eiendomsbelasting, water, riool en vaste afval) is steeds bo die Nasionale Tesourie se voorspelde verbruikersprysindeks (VPI) van **3,7 %** (en selfs die 3,6 % waarna in sommige dokumente verwys word). In teenstelling het George Munisipaliteit daarin geslaag om hul gemiddelde tariefverhogings vir 2026/27 tot **3,7 %** (in lyn met die VPI) te beperk. Dit laat ernstige vrae ontstaan of Hessequa Munisipaliteit sy begroting so doeltreffend as moontlik bestuur, veral in die lig van die Nasionale Tesourie se riglyne wat munisipaliteite aanmoedig om tariefverhogings te handhaaf op vlakke wat 'n toepaslike balans weerspieël tussen bekostigbaarheid vir armer huishoudings en ander verbruikers, terwyl finansiële volhoubaarheid verseker word. Alle verhogings bo inflasie moet duidelik in die begrotingsverhaal geregverdig word, dit is egter tans nie die geval nie.

Die voorstel van die begrotingskomitee was aanvanklik om tariewe en die uitgawebegroting in lyn met inflasie te verhoog. Weens kostedruk moes die tariewe na maksimum 4,5% aangepas word om ten minste gelyk te breek of vir 'n 'n klein surplus te begroot. Water en Riolering gebruik 'n groot hoeveelheid elektrisiteit vir suiwering en pompstasies en die kragverhoging is 9.01%. Vullisverwydering is afhanklik van dieselverbruik en hierdie prys wissel deur die boekjaar en is tans 50% hoër as wat in die begrotingsberekeninge in ag geneem is. Die Raad het wel die elektrisiteitstarief, wat die grootste uitgawe vir baie huishoudings is, met 2% gesubsidieer omdat hulle bewus is van die finansiële druk wat huishoudings ervaar. 'n Vermindering in die tarief gaan 'n negatiewe impak op dienslewering hê.

**2. Onbillike en Nie-Koste-Reflektiewe Vaste Heffings op Elektrisiteit**

Die **ampere heffing,** wat in 2023 ten spyte van openbare besware en 'n petisie van inwoners ingestel is, bly onbillik. Dit word aan eiendomswaarde gekoppel eerder as aan werklike verbruik en plaas 'n swaar las op sekere huiseienaars, veral eiendomme werd **R850 000** en meer, terwyl dit ander vrygestel. Hierdie heffing het my elektrisiteitsrekening van ons eiendom in Witsand met ongeveer vêr laat styg by implementering. Dit blyk moontelik onwettig te wees omdat die Nasionale Energie-Reguleerder van Suid-Afrika (NERSA) nie die koppeling aan eiendomswaarde goedgekeur het nie.

Ek maak ook beswaar ook sterk teen die maandelikse elektrisiteitsheffing van ongeveer **R725** op konvensionele meters. Hierdie vaste koste is nie verwant aan werklike verbruik nie en skep 'n swaar vaste las vir huishoudings, veral dié wat verbruik probeer verminder. 'n Regverdige tariefstruktuur moet doeltreffendheid beloon, nie huishoudings met onvermydelike vaste heffings straf nie.

Inteendeel is ons vaste koste te laag vir vooruitbetaalde kragaankope, en die konvensionele meters se kostes is reg. Ons konsultante se aanbeveling was ons die vaste koste komponent moet verhoog en verbruik tarief verminder. NERSA het ook ons plan aan gevra oor hoe ons die vaste koste gaan verhoog. Die munisipaliteit se prioriteit is bekostigbare tariewe vir almal en vir hierdie rede het ons nog nie die vaste koste tarief verder verhoog nie.

**3. Hoë Vaste Heffings op Water, Sanitasie en French-style Dreine**

Ek maak verdere beswaar teen die heffing wat toegepas word op huiseienaars met **French-style dreine**. As geen munisipale diens gelewer word nie, behoort geen tarief gehef te word nie. Hessequa Munisipaliteit moet nie voortgaan om vir 'n diens te hef wat nie gelewer word nie, veral waar soortgelyke heffings elders na openbare dispute laat vaar is, bv. Swartland Munisipaliteit.

Ons het 'n studie in 2025 gedoen rondom tariewe en ons tariewe was nog redelik goedkoop in vergelyking met ander munisipaliteite. Ons het hoër vaste heffings weens die vakansie huise wat nie reg deur die jaar verbruik het nie. Die verbruik tarief vir water is laer as ander munisipaliteite.

**4. Oormatige Personeeluitgawes en Bestuursfoute**

Belastingers is geregtig om te bevraagteken of huidige bestedings prioriteite geregverdig is, insluitend die gebruik van betaalde persoonlike assistente vir wykraadslede en die feit dat die burgemeester en speaker ongeveer **agt persoonlike assistente** het, teen aansienlike koste vir ratepayers.

Personeelkoste beloop **R290,1 miljoen** (32,9 % van totale bedryfsuitgawes) en styg met **4,75 %** ingevolge die kollektiewe ooreenkoms van die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regering Onderhandelingsraad (SALGBC). Vier nuwe poste word bygevoeg, terwyl die toewysing van persoonlike assistente aan wykraadslede en opgeblase poste in die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester duplisering en vermorsing verteenwoordig. In die meeste Suid-Afrikaanse munisipaliteite het wykraadslede nie persoonlike assistente nie hul rol is primêr verteenwoordigend en toesighoudend.

Ingevolge **Artikel 23** en **Artikel 32** van die **Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995**, tesame met die bepalings van die kollektiewe ooreenkomste gesluit onder die **Suid-Afrikaanse Plaaslike Regering Onderhandelingsraad (SALGBC)**, is 'n munisipaliteit geregtig om aansoek te doen vir **vrystelling (exemption)** van enige bepaling van die ooreenkoms, insluitend die ooreengekome salaris- en loonverhogings.

Die SALGBC se **Salaris- en Loonkollektiewe Ooreenkoms** bepaal uitdruklik dat enige party of munisipaliteit geregtig is om skriftelik aansoek te doen vir gedeeltelike of volledige vrystelling van enige bepaling van die kollektiewe ooreenkoms. Sodanige aansoek moet voldoende en objektiewe redes bevat, asook volledige finansiële inligting wat die munisipaliteit se finansiële posisie en die redes waarom die vrystelling noodsaaklik is vir fiskale volhoubaarheid, ondersteun.

---

Gelet daarop dat personeeluitgawes 'n vinnig groeiende kostekomponent verteenwoordig en die munisipaliteit se langtermyn fiskale volhoubaarheid bedreig (terwyl bedryfsuitgawes vinniger groei as inkomste en bo die verwagte inflasie), kan Hessequa Munisipaliteit wettiglik aansoek doen vir gedeeltelike of volledige vrystelling van die 4,75 % salarisverhoging, mits dit deur objektiewe finansiële bewyse ondersteun word en die prosedures van die SALGBC nagekom word.

Die personeeluitgawes is binne die maatstaf soos voorgesryf deur Nasionale Tesourie. Die vrystelling van kollektiewe ooreenkomste is nie outomaties nie. Enige vrystellings aansoek word oorweeg deur die algehele finansiele posisie van die munisipaliteit te oorweeg. Slegs as dit onbekosbaar is kan sal die vrystelling oorweeg word deur 'n vrystelling-paneel. Die personeel wat in die Politiek Kantoor van die Burgemeester, Speaker en Wyksraadslede aangestel is, is vaste-termyn aanstellings wat gekoppel is aan die amp van die Raadslid.

**5. Konkrete Voorstelle vir Kostebesparings**

Om volhoubaarheid te herstel, moet die munisipaliteit dringend koste besnoei deur:

Die uitfasering van onnodige poste, insluitend die persoonlike assistente vir wykraadslede en oortollige poste in die burgemeester se kantoor.

Die **versnelling van die uitrol van slim (elektroniese) water- en elektrisiteitsmeters** (voorafbetaalde of AMR-stelsels). Hierdie maatreël sal die meterlesersposte geleidelik uitfaseer, nie-inkomste-water- en elektrisiteitsverliese (NRW) drasties verminder, invorderingskoerse verbeter en arbeidskoste aansienlik sny. Die koste van die oorskakeling is befondsbaar uit bestaande toelaes soos die Munisipale Infrastruktuurtoelaag (MIG), Energie-doeltreffendheid en Vraagkantbestuur (EEDSM) en die Geïntegreerde Nasionale Elektrifiseringsprogram (INEP). Baie munisipaliteite het reeds bewys dat hierdie benadering beduidende besparings meebring sonder om dienslewering te benadeel.

Daar word 'n "Organisational Review" gedoen na die aanwysing van die nuwe Raad. Enige oorwegings vir die bevaarlyning van organogramme en nuwe tegnologie sal in die herseining van die diensstaat oorweeg word.

**6. Lenings en Fiskale Risiko**

Ek is besorg oor die munisipaliteit se voorneme om addisionele lenings aan te gaan. In die onlangse openbare kennisgewing is geen melding gemaak van die spesifieke leningsbedrag of die munisipaliteit se huidige totale leningsverpligting nie. Hierdie twee syfers moet duidelik en ondubbelsinnig in enige sodanige openbare kennisgewing vermeld word.

Van 2005/06 tot 2010/11 is ongeveer **R56 miljoen** in lenings onder die vorige administrasie aangegaan. In teenstelling het dit van 2016/17 tot 2023/24 toegeneem tot ongeveer **R180 miljoen**. In 2023/24 het Hessequa se leningsverpligting ongeveer **R156 miljoen** bedra. Vandag mag die totale leningsverpligting **hoër** wees, maar dit moet bevestig word teen die jongste geouditeerde syfers.

Dit moet in ag geneem word dat hoër lenings verdere druk plaas op die belastingbetalers om die rente daarop asook die kapitaal bedrag te delg.

Hessequa Munisipaliteit moet beter bestuur toepas met die inkomste wat dit reeds invorder, eerder as om addisionele finansiële druk op belastingbetalers in die jare vorentoe te plaas.

Die leningsverpligtinge word jaarliks openbaar in ons finansiële state asook in die begrotingsdokument. Die wetlike vereiste van Artikel 46 (MFMA) vereis nie dat die totale leningsverpligtinge in die advertensie openbaar nie. Die ander inligting rondom die voorgestelde lening is beskikbaar.

**7. Ander Belangrike Kwessies**

Die munisipaliteit verdien aansienlike rente op openbare fondse, terwyl huiseienaars geen rente ontvang op deposito's wat by die munisipaliteit gehou word nie. Hierdie reëling is onbillik en moet hersien word.

Daar is geen verpligting om rente op depositos te allokeer nie. Die munisipaliteit is ook nie geregistreer as 'n bank of trust wat rente mag betaal op depositos nie.

Die huidige rebate-basis is verouderd. Hessequa vrygestel tans slegs die eerste **R50 000** van residensiële eiendomswaarde van eiendomsbelasting, en hierdie drempel moet aansienlik verhoog word tot ten minste **R350 000** om huidige eiendomswaardes te weerspieël. Die pensioenaris-inkomste-drempel, tans ongeveer **R12 600**, het ook aansienlike koopkrag verloor sedert 2020. 'n Hersiene drempel van **R16 000** sal beter pariteit herstel en meer realistiese verligting bied. Hessequa Munisipaliteit het van die swakste rebatte in die Wes-Kaap, veral vir pensioenarisse. Dieselfde beginsel moet op kwesbaarheids-ondersteuning toegepas word.

Daar word kennis geneem van die inset en dit was oorweeg om die R50,000 te verhoog, maar daar is onvoldoende fondse om dit nou te bekostig. Die R12,540 word jaarliks verhoog vanaf 2024 met dieselfde % as die tariefverhoging. Ongelukkig was dit nie voorheen jaarliks hersien nie en het die Raad hierdie jaar die glyskaal van inkomste verbeter. Die inset sal in toekomstige jare oorweeg word.

Die buitensporig hoë onderverdliongsfooie en kapitaalbydraes vir grondeienaars om ongeveer **R120 000** onderverdelings-koste in Heidelberg te spandeer is skokkend en belemmer plaaslike ekonomiese groei.

Die kapitaalbydraes is sedert 2024 nie verhoog nie om ontwikkeling aan te spoor.

Die munisipaliteit moet sy totale jaarlikse litigasiekoste openbaar maak, insluitend besteding aan onafhanklike regsmenings en litigasie teen personeel en ratepayers.

Onnodigge litigasie soos teen Mnr Gielie Gunter kon opgelos gewees het deur kommunikasie tussen die partye.

Uitgawes word gerapporteer ingevolge die statutêre finansiële verslagdoeningsraamwerk, in ooreenstemming met die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), mSCOA en die vereistes van die Ouditeur-generaal.

Tot op hede is geen onafhanklike regsmenings tydens die 2025/2026 finansiële jaar bekom nie, en litigasie is slegs een aspek van die totale regs-begroting.

**8. Skryf af van agterstallige skuld**

Laastens beswaar ek teen die voortgesette afskryf van tarief- en eiendomsbelastingagterstalliges vir seker individue veral buitelanders, of die toelaat van agterstallige skuld sonder behoorlike invordering en afdwinging, aangesien dit nie in die beste belang van die belastingbetalers van Hessequa Munisipaliteit is nie.

Skuldafskrywing is die laaste uitweg na alle aksies implementeer is deur die munisipaliteit. Tans is daar amper R9 miljoen oorhandigde skuld by die prokureurs. Die munisiapliteit het reeds R14miljoen se skuld afgeskryf in hierdie boekjaar. Ons kan nie diskrimineer met afskrywing nie, en word elkeen op sy eie meriete gedoen.

**Gevolgtrekking en Eis vir Aksie**

Die konsepbegroting voldoen nie voldoende aan die Nasionale Tesourie se riglyne oor die balans tussen bekostigbaarheid en volhoubaarheid nie, veral vir pensioenarisse en klein besighede. Die afslagkriteria is ook minder gunstig as dié in sommige ander munisipaliteite.

Daar word kennis geneem van die inset. Die begroting word jaarliks deur die Tesourie ontleed en as geloofwaardig gesertifiseer.

Ek eis dat die Raad dringend:

1. Alle tariefverhogings tot 'n maksimum van **3,7 %** (VPI) verminder en alle vaste heffings (insluitend die 0-32 amp-heffing, die R725 konvensionele meter-heffing, water- en sanitasie-vaste heffings, en French-style dreine-heffings) hersien of beëindig.

Die voorstel van die begrotingskomitee was aanvanklik om tariewe en die uitgawebegroting in lyn met inflasie te verhoog. Weens kostedruk moes die tariewe na maksimum 4,5% aangepas word om ten minste gelyk te breek of vir 'n 'n klein surplus te begroot. Water en Riolering gebruik 'n groot hoeveelheid elektrisiteit vir suiwering en pompstasies en die kragverhoging is 9.01%. Vullisverwydering is afhanklik van dieselverbruik en hierdie prys wissel deur die boekjaar en is tans 50% hoër as wat in die begrotingsberekeninge in ag geneem is. Die Raad het wel die elektrisiteitstarief, wat die grootste uitgawe vir baie huishoudings is, met 2% gesubsidieer omdat hulle bewus is van die finansiële druk wat huishoudings ervaar. 'n Vermindering in die tarief gaan 'n negatiewe impak op dienslewering hê.

2. Onmiddellik by die SALGBC aansoek doen vir vrystelling van salarisverhogings en onnodige poste (insluitend persoonlike assistente) rasionaliseer.

Die personeeluitgawes is binne die maatstaf soos voorgesryf deur Nasional Tesourie. Die vrystelling van kollektiewe ooreenkomste is nie outomaties nie. Enige vrystellings aansoek word oorweeg deur die algehele finansiele posisie van die munisipaliteit te oorweeg. Slegs as dit onbekosbaar is kan sal die vrystelling oorweeg word deur 'n vrystelling-paneel. Die personeel wat in die Politiek Kantoor van die Burgemeester, Speaker en Wyksraadslede aangestel is, is vaste-termyn aanstellings wat gekoppel is aan die amp van die Raadslid.

3. Die uitrol van slim (elektroniese) water- en elektrisiteitsmeters versnel om meterlesersposte uit te faseer, nie-inkomste-verliese te verminder en invordering te verbeter.

Hierdie projek is tans onder bespreking tussen finansies en Tegniese dienste.

4. Volledige deursigtigheid verskaf oor leningsbedrae, totale leningsverpligting, litigasiekoste, rente-inkomste versus deposito-rente, en die gebruik van die Nasionale Tesourie se Tarief-instrument.

Hierdie inligting is reeds openbaar en bekend.

5. Rebates en indigent-drempels aansienlik verbeter.

Hierdie sal in toekomstige jare oorweeg word.

6. Openbaar verslag doen oor 'n hersiene begroting en hierdie aanbevelings voor finale goedkeuring in Mei 2026.

Alle kommentaar met repliek sal aan die Raad voorgelê word vir oorweging.

# 7. Mr. Alexander Panzek

The Municipal Manager
Hessequa Municipality

Subject: Objection to the 2026/27 Draft Budget and Tariff Policy

Dear Sir/Madam,

I hereby submit my formal input and objection to the proposed 2026/27 Draft Budget and associated tariff policies, as invited in your public notice.
Hessequa's proposed average tariff increases of 4.5% are still above the forecast CPI of 3.6%. By comparison, George Municipality has reportedly managed to keep its increases below 4%, which raises the question of whether Hessequa is managing its budget as efficiently as it could.
The budget committee's proposal was initially to increase tariffs and the expenditure budget in line with inflation. Due to cost pressures, the tariffs had to be adjusted to a maximum of 4.5% to at least break even or budget for a small surplus. Water and Sewerage uses a large amount of electricity for purification and pump stations and the electricity increase is 9.01%. Refuse removal is dependent on diesel consumption and this price varies throughout the financial year and is currently 50% higher than what was taken into account in the budget calculations. The Council subsidized the electricity tariff, which is the largest expense for many households, by 2% because they are aware of the financial pressure that households are experiencing. A furtehr reduction in tariffs will have a negative impact on service delivery.

Ratespayers are entitled to question whether current spending priorities are justified, including the use of paid personal assistants for councillors and the mayor and speaker having approximately eight personal assistants, at considerable cost to ratepayers.
Die personeel wat in die Politieke Kantoor van die Burgemeester, Speaker en Wyksraadslede aangestel is, is vaste-termyn aanstellings wat gekoppel is aan die amp van die Raadslid. The personnel appointed in the political office are appointed on a fixed-term contract basis. The Council decides on the amount of staff and the deployment of staff within the guidelines of the Municipal Staff Regulations.

The low 0- 32 amp levy, currently approximately R200/ per month, was introduced in 2023 despite public objection and a petition from residents.

It appears unfair because it is linked to property valuation rather than actual usage, and it places a burden on certain homeowners, with properties worth R850,000 and more while exempting others.

This levy should be terminated, as it is not proportional to consumption. It also inflated my electricity by approx. 300% when it was introduced. I also believe it is unlawful, because NERSA did not approve this levy being linked to property value.

I also object to the monthly electricity levy of approximately R725 on conventional meters. It is unrelated to actual usage and creates a heavy fixed cost for households, especially those trying to reduce consumption. A tariff structure should reward efficiency, not penalise households with unavoidable fixed charges .

On the contrary, our fixed costs are too low for prepaid Electricity purchases, and the conventional meters' costs are correct. Our consultants' recommendation was that we should increase the fixed cost component and reduce the consumption tariff. NERSA also asked for our plan on how we will increase the fixed costs. The municipality's priority is affordable tariffs for everyone and for this reason we have not yet increased the fixed cost tariff further than general increase.

The high monthly water and sanitation levy is another concern. A fixed charge of more than R200 per month is difficult to justify for low-consumption users, some of whom pay far less in actual usage. A fairer model would reduce the fixed component and better align charges with consumption. Our Heidelberg water wasn't of good quality in the past decade, many times we had dirty water not fit for consumption.
We undertook a study in 2025 around tariffs and our tariffs were still quite cheap compared to other municipalities. We have higher fixed charges due to the holiday homes that does not consume services throughout the year. The consumption tariff for water is however lower than other municipalities.

I further object to the levy applied to homeowners with French drains. If no municipal service is rendered, then no tariff should be charged.

Hessequa should not continue charging for a service that is not provided, particularly where similar levies have already been abandoned elsewhere following public dispute, e.g. Swartland Municipality.
The municipality cannot levy for french drains as they are actually illegal. We charge for septic tanks and there is a service of emptying the tanks periodically. Any resident with a french drain can approach the municipality.

National Treasury's budget guidance states that municipalities should balance affordability and financial sustainability, and that increases above the inflation target must be clearly justified in the budget narrative .

The budget does not adequately address affordability, particularly for pensioners and small businesses, and the discount criteria are less favourable than those applied in some other municipalities.
We believe our narration is sufficient but will be expanded on to explain the cost drivers. The rebates in the budget is based on the municipality's affordability constraints. Any rebate is revenue foregone and carried either by a state grant (indigents) or the ratepayer.

I am also concerned about the municipality taking on additional loans.

In the recent public notice regarding the municipality's intention to take out additional loans, no mention was made of the specific loan amount or the municipality's current total loan liability?
These two figures should be stated clearly and unmistakably in any public notice of this nature.
The loan commitments are disclosed annually in our financial statements as well as in the budget document. The legal requirement of Section 46 (MFMA) does not require the total loan commitments to be disclosed in the advertisement. It is however included in the information statement that the advertisement refers to. The

other information surrounding the proposed loan can also be found in the information statement.

From 2005/06 to 2010/11, approximately R56 million in loans was raised under the previous administration. By contrast, from 2016/17 to 2023/24, this increased to about R180 million.

In 2023/24, Hessequa's loan liabilities stood at approximately R156 million. Today, the total loan liability may be around R250 million, but this should be confirmed against the latest audited figures.
The loan liability was R122 million as at 30 June 2025 and decreased to R110 million as at 31 December 2025. Further repayments are due on 30 June 2026 and the new loan is anticipated t be taken up by 30 June 2026 as well. The Long-term Financial Plan reflects that we are conservative with our borrowing approach and advises that we can increase the frequency of borrowing to annually.

Hessequa should manage more prudently with the revenue it already collects, rather than placing additional financial pressure on ratepayers in the years ahead.
The comment is noted and we consider ourselves as prudent as we have been cutting unnecessary expenpeditures and unutilised budgets.

